Delmas Omgewingsentrum

Privaatsak X0015
Delmas
2210

Tel: 013-6658934/5
Faks: 013-6658936
E-pos:
delmasec@telkomsa.net

FACEBOOK
DELMAS
ENVIRONMENTAL CENTRE

Delmas Omgewingsentrum is geleë omtrent 20 km van Delmas naby Argent. Hierdie is 'n residensiële sentrum wat voorsien in behoeftes van besoekende skoolgroepe, kerkgroepe en enige ander groepe wat 'n belangstelling in die omgewing, jeugontwikkeling en avontuur het.

Delmas Omgewingsentrum funksioneer onder die vaandel van die Mpumalanga Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing en Toerisme en vorm deel van die Direktoraat Omgewingsopvoeding.

Die doelwit van ons Direktoraat is om almal bewus te maak van die omgewing, inligting te verskaf en raadgewende dienste te lewer tov omgewingsopvoeding wat daarop gemik is om volhoubare ontwikkeling te verseker.

Global amphibian crisis

One-third to half of the world's approximately 6000 amphibian species could go extinct in our lifetime. This would be the largest mass extinction since the disappearance of the dinosaurs. Amphibians are considered the canaries in the coal mine: they are among the first species to be affected by environmental stressors, so when they show declines in the wild, it is a warning to other species, including humans. The causes for their decline are habitat loss, climate change, pollution and pesticides, alien species, overharvesting for food and the pet trade and a parasitic fungus called amphibian chytrid. This disease affects the skin of amphibians, a vital organ, through which many drink and breathe. In environments where it thrives it can kill 80% of the amphibians within months.

keep the promise
Millennium Development Goals
2015

WOMEN
taking action towards
- the 8 MDGs -

Omgewingsnuus

Delmas Omgewingsentrum

Volume 6,
Uitgawe 8

Augustus 2010

Vroue en die omgewing 2010

Op 9 Augustus is Nasionale Vrouedag In Afrika is die omgewing 'n absolute noodsaaklikheid vir vroue wat hulle veral toespits op die gesondheid van hulle families en gesinne. Die kwaliteit van die omgewing waar hulle woon speel 'n rol hier - die lug wat ons inasem, die water wat ons drink, die voedsel wat ons eet en die veiligheid van die omgewing waarin ons woon. Daardeur kom vroue in noue kontak met die omgewing en die natuurlike hulpbronne waarvan hulle en hulle gesinne afhanklik is. Gedurende 1977 het me Wangari Maathai in Kenia die "Green Belt Movement" van stapel gestuur en dit het gelei tot die instandkoming van 6000 kwekerye. Deur die aanplant van bome deur die vroue is woestynvorming in haar land gekeer, die grond verryk en wateropvanggebiede beskerm. Omtrent 20 miljoen bome is deur 50 000 vroue wat aan die beweging behoort aangeplant. Dit wys hoeveel vrouens kan doen tov die bewaring van ons omgewing. Vrouens wat kan julle doen?

the dedet
Department:
Economic Development, Environment and Tourism
MPUMALANGA PROVINCIAL GOVERNMENT

MPUMALANGA
A Pioneering Spirit

The role women can play in achieving the Millennium Development Goals

In eradicating extreme hunger and povery women can support and promote school feeding programmes. Women can also promote water-saving and reduce waste and littering. Women should encourage young girls to attend school and become educated. Women could also start environmental friendly food gardens to relieve hunger. Women can also play a role in protecting biodiversity as a source of food and income. The children most likely to drop out of school are often girls and those from poorer households or living in rural areas.

When it comes to the second millennium goal to achieve universal primary education, women can discourage early marriage and pregnancy and encourage the responsible use and management of environmental resources conducive to a healthy learning environment. When a country educates its girls, its mortality rates usually fall, fertility rates decline, and the health and education prospects of the next generation improve. Reaching the 3rd goal, women should promote gender equality and empower women by informing girls that they have an equal right to education and a right to a healthy and clean environment. Young women should become educated in order to make informed decisions on environmental concerns that affect them. Women should also stand up and be intolerant of gender violence.

The Millennium Development objectives strive with their 4th goal to reduce child mortality. Every year almost 10 million children in developing countries die before the age of five from preventable causes such as pneumonia, diarrhea, malaria and measles. Malnutrition is also an underlying cause in more than one third of the deaths in children under five. A degraded environment leads to poor health and children especially, are more at risk than adults for health reasons. It is important for women to promote hand-washing and to ensure that drinking water is clean. Mothers should also take their children for routine checkups and vaccinations. Mothers should protect their children from air pollution. If they can find the time mothers should support cleanup and waste management actions in their communities to ensure a clean home environment

Hoe kan vrouens bydra tot die bevordering van die Millenium Ontwikkelingdoelwitte

Die Millenium Ontwikkeling Doelwit 5 streef daarna om die gesondheid van swanger vrouens te bevorder. Swangerskap en geboortes is die hoofoorsaak van sterftes en ongesteldhede van verwagtende moeders in ontwikkelende lande. Dit is belangrik om die vaders of mans te betrek by die gesondheid van swanger vrouens. Dit is ook belangrik om jong meisies in te lig ten opsigte van voorbehoedmiddels om ongewenste swangerskappe te voorkom. Verder behoort jong meisies aangemoedig te word om eers te wag totdat hul ouer word voordat hulle swanger raak. Kinders moet ontmoedig word om te jonk in die huwelik te tree. Daar behoort gestrewe te word om die omgewing skoon te hou, veral ten opsigte van water om sodoende ook 'n positiewe bydrae te lewer tot die gesondheid van swanger vrouens in die gemeenskap.

Doelwit 6 strewe na die bestryding en voorkoming van HIV / VIGS en ander gevaarlike siektes. Vigs, tuberkulose en malaria is verantwoordelik vir die dood van miljoene mense jaarliks. Armoede en swak omgewings dra by dat lyers meer kwesbaar is. Baie van die siektetoestande kan verhoed en vermy word. Voorkoming is 28 keer meer effektief as behandeling. Vrouens kan hul gemeenskappe aanmoedig om betyds mediese hulp te soek.

Doelwit 7strewe om 'n volhoubare omgewing daar te stel. Volhoubare ontwikkeling van die omgewing kan net plaasvind wanneer die hulpbronne in die omgewing oordeelkundig benut word. Die omgewing ly alreeds agv oorbenutte hulpbronne, ontbossing, aardverwarming en uiterste klimmaats toestande, vloede, droogtes, tekort aan kwaliteit en veilige waterbronne en swak sanitasie. Vrouens kan by hul tuistes waterbesparings aanmoedig en seker maak dat drinkwater veilig is. Vrouens behoort ook in hul omgewing die aanplant van bome en plante aan te moedig om daardeur klimmaatsverandering teë te werk. Vrouens kan rommelstrooi in hul omgewing aanspreek en rommelbestuurpraktyke ondersteun. Die 8ste doelwit poog om groter samewerking tussen ontwikkelende- en ontwikkelde lande daar te stel. 'n Uitdaging vir SA is die hoë misdaadsyfer. Die jeug moet aange moedig word om vaardighede aan te leer en alle vorme van misdaad moet ontmoedig word.